**IN DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**GEHOU TE JOHANNESBURG**

Datum aangehoor: 7 Augustus 2002
Saak No: JR 386/01

In die saak tussen:

**HSH GOUS**

Applikant

en

**KVBA** 1ste Respondent
**MS SEEDAT NO** 2de Respondent
**INFORMATION TRUST CORPORATION** 3de Respondent

---

**UITSPRAAK**
**Gelewer op 13 Augustus 2002**

---

REVELAS R:

1. Die applikant, ‘n voormalige werknemer van die derde respondent, is ontslaan na dertien jaar diens. Die applikant is op 1 September 2000 deur die derde respondent ontslaan tydens ‘n disiplinêre verhoor waar sy aangekla is en skuldig bevind is van sekere klagtes van beweerde oneerlikheid, nepotisme en versuim om haar bestuursdiskresie behoorlik uit te oefen.

2. Die applikant het teen die voorsitter se beslissing geappèlleer. Haar ontslag is op 17 Oktober 2000 deur die appèlvoorsitter bekragtig.

3. Op 24 Oktober 2000 is die getikte appèluitspraak, gedateer 17 Oktober 2000, aan die applikant per faks gestuur. Op dieselfde dag, 24 Oktober 2000, het die applikant ‘n dispuut verwys na die Kommissie vir Versoenning Bemiddeling en Arbitrasie (“die KVBA”). Die applikant het beweer dat haar ontslag onbillik was. Sy was van mening dat die klagtes teen haar ongegrond, gefabriseerd en dupliserend van aard was.

4. Die eerste respondent (die “KBVA”) se personeel het aan die applikant verduidelik dat sy ‘n kondonasie aansoek moes bring, aangesien sy reeds op 1 September 2000 ontslaan is en haar verwysing derhalwe nie binne die voorgeskrewe 30 dae periode, soos in artikel 191(1) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995 (“die Wet”) bedoel, gebring was nie.

5. Op 30 Oktober 2000 het die applikant haar verwysing en haar aansoek vir kondonasie op die derde respondent beteken, wat daarop gereageer het met ‘n opponerende eedsverklaring. Die applikant beweer dat hierdie beëdigde verklaring deurspek is met leuens. Sy het egter nie daarop geantwoord nie, want volgens haar, het sy nie geweet dat sy die reg gehad het om daarop te antwoord nie.

6. Op 1 Februarie 2001 het die applikant die tweede respondent se beslissing gedateer 28 November 2000, in die kondonasie aansoek ontvang. Kondonasie is nie toegestaan nie, en dit is hierdie beslissing wat die applikant van voorneme is om te hersien in terme van Artikel 158(1)(g).

7. Die applikant voer aan dat die vraag rakende die jurisdiksie van die eerste respondent om haar aansoek om versoenning te bewerkstellig, verkeerdelik deur die derde respondent bevraagteken was. Die applikant voer verder aan dat die tweede respondent in spryd met die neergelegde beleid van die eerste respondent ‘n jurisdiksionele beswaar in die versoenningsstadium van die geskil besleg het en dat hy hierdie beswaar besleg het sonder om behoorlike ondersoek om die aard en meriete van die beswaar vas te stel. Sy

voer aan dat deur sy optrede het hy grof en nalatig opgetree deur sy diskresie onbehoorlik uit te oefen en sy is onreg aangedoen deurdat sy ontneem is van 'n billike en regverdige beslegting van die geskil.

8. Die tweede respondent het in sy beslissing bevind dat:

"**The employee lodged her dispute with the CCMA 29 days beyond the 30 day period prescribed by Section 191(1) of the Labour Relations Act, 66 of 1995 ("the Act"). The reason for the late referral is that she was waiting for the outcome for the appeal hearing**."

**9.** Die Arbeidsappèlhof het in beslis in ***Edgars Stores Ltd v SACAWU (1998) 19 ILJ 771 (LAC)*** dat 'n ontslag dispuut ontstaan op die datum toe die aanvanklike beslissing om te ontslaan, aan die werknemer gekommunikeer was, of binne die werknemer se kennis gekom het. Hierdie benadering is weer gevolg in ***SACAWU v Shakoane (2000) 21 IlJ 1963 (LAC)***. Die tweede respondent het op hierdie twee uitsprake gesteun en beslis dat "**the finalization of the appeal hearing does not extend the date of dismissal. The employee also does not give any reasons for the delay between 17 October 2000 when she was told that her dismissal was upheld and 30 October 2000 when the CCMA received the Form 7.11.**

**The explanation for the delay is not efficient. The Labour Appeal Court has on many occasions held that where the reasons given for the delay are unacceptable, this in itself would justify the refusal to grant condonation (*Mziya v Putco Ltd [1999] BLLR 103 (LAC) - Waverley Blankets Ltd v Ndima [1999] 11 BLLR 1143 (LAC) - Rustenburg Traditional Local Council v Siele [1999] 12 BLLR 1341 (LC)*).**
**In any event, if the case was of great importance to her, the employee would not have been as dilatory as she was on following up upon her dispute**."

10. Wat die tweede respondent se interpretasie van die bestaande reg betref, het die applikant se regsverteenwoordiger gesê gesteun op die uitspraak van RP Zondo in die aangeleentheid van ***Fidelity Guards Holdings (Pty) Ltd v Epstein (2000) 21 ILJ 2382 (LAC)*** op p.2389 I waar hy die volgende gesê het:

"**It is also ridiculous in my view, for an applicant to have to proceed against his employer in the CCMA while an appeal is pending or the result thereof is awaited, when to do so may well sour the relationship and/or affect the result of the appeal. The Act prescribes the date of dismissal (Section 190). The absurd consequence may be a procedural requisite in cases such as the present one. Condonation in such a case must inevitably be granted and, furthermore, it is perfectly reasonable for the employee to believe that the date the dispute arose is the date he is finally told that his appeal against his dismissal has been refused**."

11. Hierdie opmerkings van RP Zondo is sterk kriteik maar is slegs *obiter dictum geuiter*. RP Zondo het nie so ver gegaan as om te bevind dat die meerderheidsbeslissing in die ***Shakoane*** saak (*supra*) en die eenparige beslissing in ***Edgars Stores*** aangeleentheid, duidelik verkeerd was nie. Die tweede respondent kan dus nie gekritiseer word omdat hy nie die *obiter dictum* in die ***Epstein***-aangeleentheid gevolg het nie. In elk geval sal 'n verkeerde interpretasie van die reg, nie noodwendig daartoe lei dat 'n beslissing van 'n kommissaris hersienbaar is nie.

Sien: ***Carephone (Pty) Ltd v Marcus N.O. and Others (1998) 19 ILJ 1425 (LAC)***
***Shoprite Checkers (Pty) Ltd v Ramdaw and Others (2001) 22 ILJ 1603 (LAC)***

12. Die kwessie van die interpretasie wat die tweede respondent aan die regsposisie gee, is die eerste keer geopper in die applikant se verteenwoordiger se hoofde van betoog.

13. In haar kennisgewing van mosie beweer die applikant dat die kommissaris nie al die korrekte feite voor hom gehad het nie.

14. Die tweede respondent het nie 'n bevinding gemaak oor die applikant se redelike kanse op sukses aangaande die saak nie. Hy het hom net bepaal by die gemeensaaklike feite aangaande die datums van die ontslag en appèl, en die afwesigheid van 'n redelike verduideliking deur die applikant waarom sy nie onmiddellik haar dispuut verwys het toe die appèlbeslissing onder haar aandag gekom het nie. Die appliklant se aansoek was 29 dae buite tyd wat nie 'n onredelike tydperk was nie. Hierdie feit is ook nie oorweeg nie.

15. In die bekende ***Melane v SANTAM Insurance Company Ltd 1962 (4) SA 531 (AA)***, die *locus classicus* betreffende kondonasie is beslis op 531 C - D dat:

"**In deciding whether sufficient cause has been shown, the basic principle is that the Court has a discretion, to be exercised judicially upon a consideration of all the facts, and in essence it is a matter of fairness to both sides. Among the facts usually relevant are the degree of lateness, the explanation therefore, the prospects of success, and the importance of the case. Ordinarily these facts are interrelated: they are not individually decisive, for that would be a piecemeal approach incompatible with a true discretion, save of course that if there are no prospects of success there would be no point in granting condonation. Any attempt to formulate a rule of thumb would only serve to harden the arteries of what should be a flexible discretion. What is needed is an objective conspectus of all the facts. Thus a slight delay and a good explanation may help to compensate for prospects of success which are not stong**."

16. Die tweede respondent het 'n lang weergawe van die derde respondent ten aansien van die meriete voor hom gehad in die vorm van 'n beëdigde verklaring. Dit blyk asof hy hierdie weergawe net so aanvaar het of glad nie die vraag oor die applikant se kanse op sukses oorweeg het, soos hy duidelik moes gedoen het nie.

17. Die tweede respondent se bevinding dat indien die saak vir haar belangrik was, sy nie "as dilatory" opgetree het nie. Ek lei af dat hy hierdeur bevind het dat die graad van "lateness" soos bedoel in die ***Melane*** saak erg was. Die tweede respondent verduidelik geensins hoekom hy die 29 dae, veral gesien in die lig van die omringende feite, as so ernstig beskou nie.

18. Soos Holmes AR in die bogenoemde aanhaling sê: " ***in essence it is a matter of fairness to the parties***"

19. Na my mening is die tweede respondent se nalate om die beginsels te oorweeg soos hierbo uiteengesit, genoegsaam om in te meng met sy beslissing en dit word tersyde

gestel met koste.

E. Revelas

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. SR van Jaarsveld<br>In opdrag van Du Plessis Prokureurs |
| Namens die respondent: | Adv. B.R. Leech<br>In opdrag van Horwitz Inc. |